# AFDELING C.

## HOOFSTUK IV.

## DIE FILOSOFIESE EN STAATKUNDIGE DENKE VAN SMUTS WAAROP DIE ONDERWYSWET VAN 1907 GEBASEER IS.

### 1. Die Filosofie van Smuts.

#### (a) Inleiding.

Die filosofie van Smuts wat teen 1907 bewus by hom in kiem aanwesig was en wel by name „holisme" en wat invloed op die formulering van sy onderwyswet uitgeoefen het, sal in breë trekke hier geskets word.

Dat die begrip „holisme" wel in sy filosofiese denke aanwesig was, word deur hom persoonlik in die Voorwoord tot sy „Holism and Evolution" bevestig. Met sy studie aan Cambridge het die onderwerp „Persoonlikheid" hom so geïnteresseer dat hy 'n studie van „Walt Whitman: A Study in the Evolution of Personality" gemaak het, om die resultate waartoe sy denke gevorder het, te beliggaam.[1] Hy het verder aangevoer, en dit is 'n openbaring dat hy voor 1907 wel sulke begrippe as „wholes" en „wholeness in nature" gehad het: „This study was never published, but the subject continued at odd intervals to engage my attention. Gradually I came to realise that Personality was only a special case of a much more universal phenomenon, namely, the existence of wholes and the tendency towards wholes in nature".[2]

In 1910 het hy weer 'n poging aangewend om die resultate van sy denke in 'n studie „An Inquiry into the Whole" te giet. Die geskrif is ook nie gepubliseer nie, maar in 1924, toe hy die manuskrip weer deurgelees het „I found much of the scientific setting out of date and I found my conception of Holism had also altered in certain respects".[3]

---

1. Smuts: Holism and Evolution, Preface.
2. Ibid.
3. Ibid.

Dit is genoegsame bewys dat voor 1907 die begrip van holisme in sy denke in wese aanwesig was en dat dit met sy jare van rypheid by hom tot 'n Gestaltung ontplooi het.

Nou sal in breë trekke die filosofiese denke van Smuts nagegaan word in soverre dit betrekking op sy onderwyswet gehad het.

(b) Sy Filosofiese Denke.

(i) Smuts se nuwe Verwagting.

Smuts het die 19de eeuse wetenskap soos volg getipeer: „The science of the nineteenth century was like its philosophy, its morals and its civilisation in general, distinguished by a certain hardness, primness and precise limitation and demarcation of ideas".[1)]

Volgens Smuts het, ten spyte van die groot vooruitgang op wetenskaplike gebied en die vermeerdering van kennis, daar tog nog 'n fundamentele gebrek of gaping oorgebly. Materie, lewe en „mind" het nog as uiters ongelyke verskynsels gebly, en daarby onoorbrugbaar. Hulle bestaan as drie aparte eenhede, terwyl hulle in die menslike bestaan as 'n eenheid optree. As daar nie 'n gemeenskaplike basis is nie, sal alles op chaos uitloop.[2)]

Vir Smuts het die 19de eeuse wetenskap, skepping en vooruitgang onmoontlik geword: „The narrow concept of causation again arose from a wider intellectual error of narrowing down all concepts into hard definite contours and wiping out their indefinite surrounding "fields". Die begrip „veld" is absoluut onontbeerlik om tot die werklike natuur te kom. Die uitskakeling van hulle velde waarin skeppinge en "concepts"[3)] mekaar ontmoet en kreatief saamsmelt, maak alle begrippe van werklike verband en onderlinge inwerking onmoontlik.[4)]

---

1. Smuts: Holism and Evolution, 16.
2. Ibid., 1.
3. Die terme word liefs nie vertaal nie, omdat die begrip nie verlore moet raak nie.
4. Ibid., 1-2; Millin: General Smuts, 21.

Hierdie begrip van eenheid het hy gemis in die wêreld. Daarom wou hy ook wegkom van hierdie onhoudbare situasie en die ongerepte natuur opsoek, weg van die lewe wat in soveel dele opgebreek is. Die mensdom wil weer die lewe heel hê en in sy geheel ken.

Die mensheid het volgens Smuts ŉ behoefte aan die konkrete, die werklike, die praktiese omdat hulle sat is van rasionalistiese abstraksies. Die mens wil deelgenoot wees aan die geheel en die volheid van die kosmos in sy magtige, werklike gang, van die ewige en tydelike, van die blywende en die verbygaande teenstelling wat holisme as die nuwe lewensopvatting wil oorwin. Die lewe in sy volheid, in sy geheel, in sy krag, in sy moontlikhede, in sy teorie en in sy praktyk moet die mens weer besiel vir kuns, wetenskap, filosofie en religie.[1]

Smuts het behoefte gevoel aan so ŉ wêreldorde en hierdie nuwe kon nie vir hom die naturalisties-meganistiese wees nie. Dit moet meer wees. Dit moet lewe wees. Hy wil dit sy lewe-en wêreldbeskouing maak. Die sterwende modernisme kan dit nie vir hom bring nie. Smuts met sy fyn oor vir nuwe geluide het die ontluikende tydgees in Cambridge al aangevoel en daarom het „persoonlikheid" hom so geïnteresseer. Hy het homself van die nuwe tydgees bewus gemaak en dit met die naam „Holism" gedoop.[2]

(ii) Holisme.

Vir Smuts is elke organisme, elke plant of dier ŉ geheel met ŉ sekere interne organisasie en met ŉ mate van eie rigting en daarby individualisties aan aard. ŉ Gedig of ŉ skilderstuk word gewaardeer as ŉ geheel omdat dit nie net ŉ kunsmatige produk is nie maar ŉ organiese geheel waarin al die onderdele saam diens doen om die groot geheel uit te maak. Daar is baie meer in die term „whole" opgesluit:

1. Smuts: Holism and Evolution, 3-5.
2. Ibid., Preface.

„Wholes are basic to the character of the universe, and Holism, as the operative factor in the evolution of wholes, is the ultimate principle of the universe".[1]

Die skepping van gehele en selfs van hoogontwikkelde gehele is karakteristiek van die bestaan en inherent aan die skepping. Die krag of neiging agter die skepping is bepalend van aard en die mees fundamentele is die „Whole-making".Hierdie „whole-making", die holistiese neiging of holisme werk deur besondere gehele van al die stadia van bestaan, naamlik deur die biologiese tot die hoogste geestelike sfere. „Wholeness" is die mees karakteristieke trek van die aard van ontwikkeling van die skepping. Dit teken die lyn van die ontwikkelingsproses aan en „Holism is the inner driving force behind that progress".[2]

In die biologie vind Smuts treffende voorbeelde van sy holistiese gedagte. In die biologie is dit moontlik om die wette van die Ekologie na te spoor want die omgewingsfaktore is reëlmatiger, bepalend en seker en nie willekeurig nie.[3]

Vir Smuts is die wêreld nie ŉ chaos, „a chance selection of items and fragments" nie. Dit is ŉ noue, ineengestrengelde stelsel van „patterns". Wat die mens planmatigheid en omlyning noem, is oral teenwoordig - „a vast Pattern of patterns". Om hierdie voorbeelde van „wholeness" op te spoor, moet die wesenstrekke van skoonheid in al sy vorme, of dit nou skoonheid of waarheid of goedheid genoem word, ontdek word. Hulle is almal maar net holistiese ooreenstemminge in die aard van dinge. Daar sal geen geïsoleerde eenhede gevind word nie maar alleen „structured patterns and inter-relations, from the primordial electrons to the most developed physical or moral or social complexes in the universe".[4]

Dit is die holistiese beginsels waarop die Ekologie ge-

1. Smuts: Holism and Evolution, 98.
2. Ibid., 99.
3. Bews: Human Ecology - Artikel: Smuts: Intorduction.
4. Ibid., 11.

bou is. Die organisme is nie afgesonderd en geïsoleerd nie. As 'n eenheid is dit 'n statiese abstraksie. Die reële dinamiese eenheid is die organisme wat in sy omgewing funksioneer. Vir Smuts „Life is living, and living is an active reciprocal relation between organism and environment".[1]

Dit is die sentrale begrip in die Ekologie en dit het alreeds 'n ommekeer in die biologiese wetenskap gebring. Dit stel die mensheid in staat om nie net na individuele ontwikkeling om te sien nie maar ook na die bestaan en ontwikkeling van omgewings, gemeenskappe, hulle geskiedenis en alle gekompliseerdhede in die natuur. Teen die end volg almal sekere groot ritmes wat in die natuur oorheersend is: „They form a moving equilibrium of patterns, expressive of something deeper in nature. The small patterns are thus grouped into the larger patterns, all expressive of the inner rhythmic nature of reality".[2]

Die vooruitgang van die wetenskappe en tegnologie omskep voortdurend die menslike omgewing. Die beskawing mag nie stilstaan nie maar moet voortbeweeg en die wetenskap is die koninklike weg van vooruitgang.[3]

Smuts se ervaring van wetenskap en staatkunde het sy opvattinge verbreed sodat holisme in sy verskillende toepassinge die goue weg is om die toekoms in te gaan.[4]

Nou aansluitend by die biologiese vooruitgang is die epogmakende evolusieteorie wat deur manne soos Lamarck, Darwin en Mendel ingelei is. Hoe die denkers ook oor die metode en die meganisme verskil, een ding het vir Smuts soos 'n paal bo water gestaan, naamlik dat daar geen twyfel bestaan oor die feit van organiese ontwikkeling nie. In die evolusieproses tree nuwe strukture in nuwe organe tevoorskyn

---

1. Bews: Human-Ecology - Artikel: Smuts: Introduction, 11.
2. Ibid.
3. Ibid.
4. Ibid.

en nuwe kragte en funksies ontvou.[1]

(iii) Kreatiewe Evolusie.

Vir Smuts is die wêreldproses 'n proses van kreatiewe evolusie. Die verskynsels van materie, lewe en gees vorm die ryke verskeidenheid van een wêreldgeheel. Daar bestaan geen onoorbrugbare kloof meer tussen materie, lewe en gees nie. Die skeppingsfeit is ten nouste met die gedagte van evolusie verbind. Holisme is hier die fundamentele, universele beginsel in die heelal wat aan die verskynsels van materie, lewe en „mind" ten grondslag lê en waarvan hierdie verskynsels die ontwikkelde vorme en fases vorm.[2]

Verder het Smuts in die monadologie van Leibniz die sentrale idee van holisme gevind. Die monadologie vertoon 'n aanmerklike ooreenkoms met die holistiese beskouing. Die ooreenkoms bestaan veral ten opsigte van die leer van die gehele en die monades. Beide besit die kenmerk van innerlikheid, dit is om klein wêreldjies op sigself te wees, met hulle eie innerlike wetmatigheid en mate van selfbepaling. „They (monade) are, moreover, absolutely closed, isolated, self-contained units, each with its own immutable inner system, uninfluenced by any other monad; and all maintained in harmony with each other by some divine pre-established order outside of them."[3]

Hoofsaaklik leer holisme en kreatiewe evolusionisme die skepping van nuuthede. Smuts staan die holistiese skeppingsbegrip voor. Holistiese aktiwiteit is vir hom kreatief en is ook die enigste verstaanbare vorm van skepping. Die verskil wat tussen 'n bloot fisiese mengsel en chemiese samestelling bestaan, illustreer die verskil tussen wat nie-kreatief is en wat wel kreatief is. 'n Bloot meganiese aggregaat bevat niks nuuts nie en is niks meer as die som van die gemeng-

---

1. Smuts: Some recent Scientific Advances in their Bearing on Philosophy, 4, in "Our Changing World-View.
2. Ibid., Art. Smuts, 5.
3. Smuts: Holism and Evolution, 332-3.

de bestanddele nie, terwyl die chemiese samestelling nuut is in die sin dat uit die samestellende materiaal ander, kwalitatief verskillende, substansie gevorm word. Kreatiewe sintese is dan volgens Smuts die innerlikste wese en karakter van alle organiese werkinge en funksies. "Creation is stamped on the face of organic nature."[1]

Nou sê Smuts is die wêreld in staat om met die vordering van die wetenskap oor die algemeen ŉ breër uitkyk daarop na te hou en ŉ beter oordeel op onpartydige wyse te vel. Hy sien die saak in veranderde omstandighede, en die begrip evolusie het vir hom ŉ ander inhoud. Hy glo nie in meganiese nie maar in organiese evolusie. Almal is volslae evolusioniste en aanvaar heelhartig die kreatiewe evolusie. Materie, lewe en „mind" vertoon die hoogste mate van ooreenkoms; in die evolusieproses is hulle meer as net blote materie of lewe of „mind". Die hele situasie van die verhouding van materie, lewe en „mind" is nie langer meer strak en stram nie maar vloeiend en meegewend. „The landmarks of the old order are shifting, the straight contours of the old ideas are curving."[2] Smuts het ook aangetoon dat holisme nie by „mind" ophou nie maar ook die gees insluit: „from matter to life, from life to more life and to higher life; from higher life to mind, from mind to more and higher mind, and to spirit in its highest creative manifestations".[3]

Smuts sê ter inleiding van die vasstelling van die verhouding van holisme en meganisme dat die twee nie noodwendig teenoor mekaar staan nie: „There is a measure of Mechanism everywhere, and there is a measure of Holism everywhere; but the Holism gains on the Mechanism in the course of evolution, it becomes more and more as Mechanism becomes less and less with the advance".[4]

---

1. Smuts: Holism and Evolution, 132.
2. Ibid., 9.
3. Ibid., 178.
4. Ibid., 145.

Die aspek van koördinasie of subordinasie van dele aan die geheel word die duidelikste in die verskynsel van reproduksie vertoon. Reproduksie wys nie alleen terug na die verlede nie maar ook vorentoe na die toekoms en in die reproduktiewe organisme-samehang lê die sleutel tot die uitsluiting van die saak van organiese aktiwiteite. Op die wyse blyk die belangrikheid van holisme as die werksame faktor wat nie slegs met betrekking tot die individuele gehele of organismes optree nie, maar ook ten opsigte van wat Smuts die transendente gehele of tipe noem.[1)]

In verband met sy holisme en kreatiewe evolusie het Smuts tot sy „Veldgedagte" gekom, omdat die 19de eeuse wetenskap elk sy eie afgebakende terrein gehad het. 'n Oorsaak byvoorbeeld is nie as 'n geheel geneem wat op een moment in 'n ander situasie vloei nie. Alles was geïsoleer. Om tot die werklike begrippe van werklikheid te kom, moet na die vloeibaarheid en plastisiteit van die natuur en ervaring gegaan word.[2)]

(iv) Smuts se Veldgedagte.

Elke begrip, elke geheel is nie net afgeslote om sy senter nie, maar omvat „a surrounding sphere of meaning or influence of smaller or larger dimensions". Elke geheel het sy middelpunt met 'n sone van aktiwiteit wat hom omring en sy invloed laat uitstraal. Daar is altyd interaksie tussen oorsaak en gevolg en hulle oefen invloed uit deur die deurdringing van hulle velde. Soos die elektro-magnetisme sy veld het, so het die denke en die werklikheid ook hulle velde. Elke saak het sy eie veld maar net in 'n vereenvoudigde vorm. Dit is net in die velde alleen dat dinge werklik plaasvind. Dit is die vermenging van velde wat skeppend of oorsaaklik in die natuur of die lewe is. Alle afgesonderde

1. Smuts: Holism and Evolution, 81 e.v.
2. Ibid., 16-;7; Part 11, 398.

konkrete dinge of begrippe sou vrugteloos en doelloos geblyk het, was dit nie vir hulle velde wat hulle in kontak of in skeppende verband met ander dinge of begrippe gebring het nie. Dinge, idees, diere, plante, die mens het net soos fisiese kragte hulle eie velde, en sonder hulle velde sou hulle nooit in kontak met ander sfere gekom het nie.[1)]

In hulle eie velde dring liggame tot mekaar deur en dit verseker die oorbrugbaarheid in die orde. Net so word die hoër ordes ook deur hulle velde oorbrug.[2)]

Volgens Smuts het iedere geheel sy veld en al hierdie velde dring in mekaar deur. Elke gemeenskap vorm vir hom ŉ geheel, elk met sy eie veld wat in die velde van ander gehele deurdring. Dit is in die deureenstrengeling van velde dat die skeppende element van die heelal volgens Smuts optree.[3)] Hierdie natuurveld van Smuts is die bron van „the grand Ecology of the universe. It is the society - vital, friendly, educative, creative. It is the home of all the family of the universe....It is very near and dear to us".[4)]

Hierdie teorie wat op holisme berus, was die lewens- en wêreldbeskouing wat vir Smuts sielevrede en genot verskaf het.[5)]

Die organisme is baie meer as die fisiese voorwerp in ŉ organiese proses. Dit is ŉ deurgang waardeur die onbepaalde stroom van wisselwerking voortdurend vloei. Die organisme en sy veld „is one continuous structure which, beginning with an articulated sensible central area, gradually shades off into indefiniteness".[6)]

Die organisme en sy veld, of die organisme as ŉ „whole" die holistiese organisme - bevat sy verlede en baie van sy toekoms in die teenswoordige. Die „whole" is in elke afson-

---

1. Smuts: Holism and Evolution, 18.
2. Ibid., 113.
3. Smuts: Groter Suid-Afrika, 155.
4. Smuts: Holism and Evolution, 340.
5. Smuts: Groter Suid-Afrika, 156.
6. Smuts: Holism and Evolution, 114.

derlike geval die sentrum en skeppende bron van die werklikheid. „Holism thus comprises all wholes in the universe."[1]

Smuts het ŉ psigologiese moeilikheid ondervind om die grense en die veld van „mind" te bepaal. Omdat „mind" ŉ uitdrukking van holisme is en ook ŉ orgaan van holisme, lê die probleem van „veld" daarin opgesluit.[2]

Omdat Smuts „mind"[3] as ŉ struktuureenheid beskou, soos die atoom en sel in die opmars van kreatiewe holisme, daarom sal persoonlikheid en vryheid hier behandel word.

(v) Persoonlikheid en Vryheid.

Volgens Smuts is „mind" die belangrikste faktor in die heelal, die hoogste orgaan wat al die ander strukture en meganismes beheer.

Persoonlikheid is die hoogste en volmaakste van alle gehele en vorm die mees in die ooglopende verandering of keerpunt in die evolusie van holisme. Persoonlikheid is die hoogste beliggaming van holisme in sy besondere en veralgemeningsaspek. In persoonlikheid is die strukture van materie, lewe en „mind" onafskeidbaar verenig.[4]

Die sentrale beheer kulmineer in persoonlikheid - „at the same time it merges in more composite holistic groups in Society. In human associations this central control becomes super-individual in the State and similar group organisations".[5]

Elke geheel het ŉ reële kenmerk, ŉ unieke identiteit wat die ware essensie van „wholeness" is. Hierdie kenmerk van individualiteit kom na vore met die toename van gehele in die verhouding tot evolusie, en verkry besliste betekenis in die hoogste vorm van persoonlikheid.[6] Ware persoonlikheid wat uit die ineensmelting van die biologiese en psigiese

1. Smuts: Holism and Evolution, 115-6.
2. Ibid., 227-8.
3. Soms moet „mind" met „rede" of „gees" en soms met „psige" vertaal word.
4. Smuts: a.w., 105-6.
5. Ibid., 106.
6. Ibid., 140.

elemente tot een geheel ontstaan, is die hoogste en volwaardigste uitdrukking van holisme wat die natuur nog voortgebring het.[1]

Nêrens in die wêreld word volgens Smuts 'n groter intensiteit van die holistiese uitwerking voortgebring as in die individuele self of persoonlikheid nie. Tog is son persoonlikheid ver van volmaak af, want so 'n persoonlikheid toon nog wanklanke wat baie probleme vir die denke en gedrag besorg.[2]

Volgens Smuts is persoonlikheid „a unique creative novelty in every human being. Personality is in fact, largely an unexplored subject and requires a discipline to itself as a real factor in the universe".[3]

Nou kan dit begryp word waarom hy as student Walt Whitman bestudeer het. Die persoon het die naaste aan sy ideaal gekom. Die slotsom waartoe hy geraak het, was dat die bepalende lewenskrag en koördinerende beginsels van die kosmos na aan holisme is en wat homself in elke individu deur middel van ontwikkeling of groei van binne vertoon. Hierdie teorie het Smuts „The Idea of the Whole" genoem.[4]

Sedertdien het sy gedagtes meer en meer vaste vorm begin aanneem. Hy het tot die gevolgtrekking geraak dat in elke wese iets immanents aanwesig is, wat bevoegd is en die mag besit om wat die lewe potensieel inhou, tot volle ontwikkeling te bring.

Dit het hom die standpunt in sy filosofie laat inneem dat hy ontken het dat:„life is a lonely and pathetic thing, 'a transient and embarrassed phantom in an alien Universe'. Things want to come together - from protons to people, they have to come together, because it is the eternal law. 'This

---

1. Smuts: Holism and Evolution, 152.
2. Ibid., 246.
3. Ibid., 262.
4. Millin: General Smuts, 46-8.

world is a friendly Universe, a whole-making Universe".[1)]

Hierdie aktiwiteit het hy „persoonlikheid" genoem. Hy het in die mensdom as ŉ enkele geheel geglo sonder prysgawe van die beginsel dat elke mens ŉ „concrete whole" is.[2)]

Samevattend kan persoonlikheid soos volg getipeer word na wat hier bo bespreek is: „Personality then is a new whole, is the highest and completest of all wholes, is the most recent conspicuous mutation in the evolution of Holism". Persoonlikheid is ŉ kreatiewe sintese waarin die vroeëre materie, organiese en psigiese gehele met ŉ nuwe toename van holisme ingeskakel word. Op die wyse ontstaan ŉ nuwe enige geheel van ŉ hoër orde. Dan word ook die nuutste en hoogste fase van holisme in persoonlikheid bereik. Dus kan beweer word dat persoonlikheid die hoogste beliggaming van holisme is, beide in sy individuele en in sy universele neigings. Dit is die uiteindelike sintese van al die werkende faktore in die heelal tot enkele gehele. Beide in sy eenheid en in sy samegesteldheid vorm dit die groot raaisel van die heelal.[3)]

Nou verbonde aan persoonlikheid het Smuts die saak van vryheid probeer bepaal.

Vir hom is die organisme ŉ nuwe stelselmatigheid, met sy eie aktiwiteite, wette, kategorieë van handeling en beskrywing. Dit is ŉ nuwe sentrum, met ŉ ruime mate van onafhanklike optrede in die omgewing. Dit beteken nie volgens Smuts dat die omgewing nie daarop invloed uitoefen nie, maar dat dit indirek geskied en na ŉ min of meer volledige transformasie en metabolisme van so ŉ invloed. So ŉ organisme is in ŉ groot mate sy eie oorsaaklikheid, en ook die oorsaak van sy eie funksies. Buite-wêreldse invloede is inderdaad die ruwe stof waarmee dit werk en sy eie stelsel opbou.[4)]

---

1. The Rand Daily Mail: 23-5-50.
2. The Sunday Times: 17-9-50.
3. Smuts: Holism and Evolution, 263.
4. Ibid., 136-7.

Hiervan het Smuts afgelei hoe die begrip van vryheid in die organiese geheel gewortel is. Die funksie van die organiese geheel bevry homself van die oorheersing van eksterne invloede en dra by tot sy eie vryheid. Die organisme is grootliks los van sy omgewing en beperk hom tot homself. Selfs in die laagste organiese vorme lê die fondamente van vryheid vir die nuwe wêreld. Die dier vind dat hy nie soos die sel of plant ingekerker is nie, maar hy begin beweeg. Die groot eksperiment van die lewe aanvaar verbrede grade van vryheid, totdat die vryheid eintlik in die menslike lewe bewustelik beheer van homself neem en dan begin die etiese wêreld van die gees skeppend te werk.[1)]

Dit is duidelik hoedat die beginsels van vryheid deur die evolusie vanaf sy laagste vorm tot die volle vryheid van die gees nagespeur is.

Omdat persoonlikheid die hoogste vorm van holistiese entiteite is, het Smuts aangevoer dat persoonlikheid as geheel vry is: „the more completely it realises the character of a whole, the more perfect also will be its freedom as such".[2)] Die vryheid van die persoonlikheid is eenvoudig sy aard van self-aktiwiteit, ongebonde deur eksterne invloede; sy aard van spontane of bewuste selfbeslissing kan uitgeleef word vanuit die suiwere bron van sy eie self. Daarom is "sincere selfexpression in men and in nations thus becomes the true ideal of human development and culture", deur Smuts as 'n lewensideaal geneem.[3)]

Vryheid is dus nie net 'n abstrakte en formele begrip nie, maar 'n reële aktiwiteit. Dit is die grense waarin holisme die individuele persoonlikheid giet en ontwikkel. Sedelike vryheid is dus 'n vorm van die holistiese aktiwiteit van persoonlikheid.[4)]

1. Smuts: Holism and Evolution, 309.
2. Ibid.
3. Ibid.
4. Ibid., 307.

Volgens Smuts word vryheid se wortels diep onder die fondamente en samestelling van die univers aangetref.

Die konsepsie van vryheid is by Smuts al op neëntienjarige leeftyd vasgelê toe hy 'n studie van „persoonlikheid" gemaak het. Daarin het die idee gelê wat hy drie-en-dertig jaar later in sy filosofie „Holism" laat verskyn het.[1)]

Die liberalisme van die 19de eeu en ook die idee van vryheid van die Franse Rewolusie moes op Smuts invloed uitgeoefen het, want dit was die allesoorheersende ideologie van daardie eeu. Hy het die spanning aangevoel in die liberale opvatting van die vryheid van die individu met sy grotere gehele wat as gehele ook vry moet wees. Hierdeur kon hy invloed uitgeoefen het op die ontstaan van die nasionaal-sosialisme en die fasisme wat weer die vryheid van die volk of nasie beklemtoon het. Smuts daarenteen het die vryheid van alle gehele beklemtoon.

Hierdie begrip van die geheel werp 'n beter lig op sy staatkunde wat hy voorgestaan het en die konsepsie van sy onderwyswet van 1907.

## 2. Die Staatkundige Denke van Smuts.

### (a) Engelse Kulturele Invloede op Smuts.

#### (i) Inleiding.

Soos reeds in die tweede hoofstuk aangetoon, het die Britse skoolwese sy kenbare invloed op die jeug uitgeoefen.

Reeds van Smuts se vroegste jeug af, asook gedurende sy vormingsjare en by sy hele ontplooiing, is hy beïnvloed deur die gees van oorheersing van die Engelse element oor die Afrikaanse. Daar was in die samelewing 'n nimmerversadigde begeerte by die Engelse element om by die Afrikaner die oortuiging te laat posvat dat al wat Engels is op 'n hoër niveau staan as al wat Afrikaans is.[2)]

---

1. Millin: General Smuts, 36.
2. Rothmann: Oorlogsdagboek, 5.

Hierdie gees van Engelse oorheersing het die lug gevul waarin die jong Smuts in Kaapland opgegroei het.

(ii) Die Skool: Angliseringswerk van die Onderwyswetgewing in die Kaapkolonie.

Teen 1870 was alle Kaaplandse Afrikaners, onder die 65 jaar, gebore Britse onderdane. Die meeste van hulle het hulle Britse onderdaanskap as iets vanselfsprekends aanvaar. Baie het die vaste oortuiging besit wat hulle van kindsbeen ingeprent is (veral op die Engelse skole) dat daar op staatkundige of kulturele of watter gebied ook al niks was wat by die Britse voortreflikheid kon haal nie.[1)]

As gebore Britse onderdane het die jonger geslag van 1870 dus vanself minder vreemd teenoor heersende Engelse toestande gestaan as wat met hulle ouers die geval was, omdat die vreemde juk nie meer in dieselfde mate as vroeër geskaaf het nie. Die jonger geslag het algaande meer „broadminded" geword en derhalwe die veronregting van hulle taal nie meer so sterk gevoel nie, of in elk geval die oorheersende posisie van Engels min of meer lydelik as 'n noodwendigheid aanvaar.[2)] Die volgende uitlatings kan dien om hierdie tydgees te tipeer: „Het is thans in die Kolonie alles Engelsch...Zy vragen naar Engelsche onderwyzers en onderwyzeressen. Alleen de bekrompen buitenman, die meent dat zyn kind aan wat schryven, lezen, cyferen en katchizeren genoeg heeft, bekommert zich niet over het Engelsch. Men kan niet ontkennen dat zelfs in de verste buite-districten koloniale beschaving met de heerschappy van de Engelsche taal hand aan hand gaat...."[3)]

Byna algehele kapitulasie het dan ook binne twintig jaar na 1850 gevolg. So 'n ineenstorting kon alleen moontlik wees omdat die fondamente alreeds ernstig beskadig is. Geen gebied van die Afrikaanse lewe het onaangeraak gebly nie. Van

---

1. Scholtz: Die Afrikaner en sy Taal, 165.
2. Pienaar: Die Triomf van Afrikaans, 61-62.
3. Aangehaal deur A. de Villiers: Die Hollandse Taalbeweging in Suid-Afrika, 82-83.

godsdiens tot vermaak, die openbare en private lewe, stoflik en geestelik, oràl het die verengelsing sy stempel afgedruk.[1]

Ten spyte van die groot vooruitgang wat op onderwysgebied gemaak is, kon die verengelsingsproses op die duur nie sonder nadelige uitwerking voortgaan nie. Die stelsel van staatsondersteuning op voorwaarde dat Engels die medium van onderwys sou wees en die daadwerklike bevordering van die onderwys van Engels teenoor die totale veronagsaming van Hollands, het die onderwys van laasgenoemde taal teen 1870 waardeloos gemaak. In die kolleges is ewemin aandag daaraan geskenk, terwyl daar slegs klagtes gehoor is oor die versuim om voorsiening te maak vir die aanstelling van 'n eksaminator vir Hollands in die kommissie van eksaminatore.[2)]

In 1873 het Dale vir sy „Elementary Teachers' Certificate" Engels verpligtend gemaak, terwyl hy Hollands op gelyke voet met 'n kaffertaal geplaas het.[3)]

In 1874 het hy Hollands selfs uitgelaat in 'n voorgestelde program van eksamens vir die skoolsertifikaat. Die opvallendste misbruik van Engels was egter die opdringing daarvan aan die skole met oorwegend Hollandse kinders, veral die plaasskole wat geweldig hieronder gely het.

Engels het selfs die hoofrol gespeel in baie skole en in inrigtinge wat deur die afrikaners gestig is. Die Stellenbosche Gimnasium is by sy stigting onder die rektorskap van 'n ingevoerde Skot geplaas. Die „Good Hope Seminary" is deur die ring van Kaapstad opgerig. Tog was die naam van die skool Engels en is die hoofonderwyseres uit Skotland ingevoer om 'n eersteklas Engelse opleiding te gee, terwyl Hollands alleen aan diegene gegee sou word wat dit begeer het.[4)]

---

1. Van den Heever en Pienaar: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, 235.
2. Ibid.
3. Van Wyk: Invloed van die Engelse Skoolwese, 110.
4. Van den Heever en Pienaar: a.w., 318-319.

„Let them learn English, the Dutch is in them."[1)]

Hierdie toestand was onvermydelik in die Kaapse skoolwese, omdat alle openbare eksamens soos die universiteits-, die onderwysers-, die staatsdiens- en die skooleksamens kandidate noodwendig verplig het om Engels te leer en Hollands te verwaarloos of heeltemal te negeer.[2)]

Die steeds toenemende verengelsing van die staat, skool, en kerk gedurende die tweede helfte van die 19de eeu moes uit die aard van die saak sy invloed op die politiek en die regeringstelsel op die letterkunde, geskiedenis, gewoontes, sedes, geestelike houdings en lewensopvattings in die maatskaplike lewe laat geld. Die algemene verengelsing het ook die gedeeltelike denasionalisering van die Afrikaner meegebring, want destyds is meermale Kapenaars aangetref wat van „going Home" gepraat het as hulle 'n reis na Engeland onderneem het.[3)]

'n Interessante maar tewens ook veelseggende voorbeeld van die verengelsing van die studerende jeug op Stellenbosch word gevind in die antwoorde op sekere toetsvrae wat prof. N.J. Hofmeyr aan die lede van die twee debatsverenigings gestel het met die oog op die versameling van sekere gegewens vir die taalkongres van 1890. Die antwoorde het 'n gebrek aan nasionaliteitsgevoel, 'n gebrek aan belangstelling vir die studie van Hollands en 'n voorkeur aan Engels as voer- en omgangstaal bo Hollands of Afrikaans verraai. Op die vraag: „Moeten de Afrikaansche meisjes ophouden onder elkander en met Afrikaansche jongens Engelsch te converseeren?" het ongeveer vyftig manstudente bevestigend geantwoord.[4)]

As gevolg van die allesoorheersende Engelse beskawing en kultuur het dit by Smuts 'n bewondering vir die Europese

---

1. Van Wyk: Die Invloed van die Engelse Skoolwese, 139.
2. Ibid.
3. Scholtz: Die Afrikaner en sy Taal, 175.
4. De Villiers: Die Hollandse Taalbeweging in Kaapland, 137.

beskawing, vooruitgang, letterkunde en filosofie afgedwing en hom genoop om die denkrigting van die ou antieke wêreld na te speur. Geleidelik is hy ingelei in die staatkundige instellings, die filosofiese denke van die groot meesters en in die staatkundige verwikkelinge in die Kaapkolonie en die Republieke.

(b) Ontplooiing van Smuts se Staatkundige Denke.

(i) Inleiding.

Vrr ŉ goeie begrip van Smuts se loopbaan en die einddoel waarheen dit onafwendbaar moes lei, is dit noodsaaklik om terug te gaan tot die bron en oorsprong, tot die invloede en gedagtes wat rigting aan sy lewe gegee het.

(ii) Sy Studieloopbaan in Kaapland.

Op twaalfjarige leeftyd in 1882 het Smuts in Riebeeck-Wes sy skoolloopbaan begin om later predikant in die Nederduits Gereformeerde Kerk te word. In sy eerste skool het ŉ groot dors na kennis by hom ontwikkel. Geensins meer ŉ laerskoolseun nie, te oordeel na sy ouderdom, het hy enige soort boek oor enige onderwerp waar hy sy hand op kon lê, verslind.[1]

In die begin het dit geblyk of hierdie jong gees geen belang of enige doel of ambisie gehad het nie, behalwe as om feite en meer feite uit boeke en geskrifte op te diep. Sy nimmerversadigde dors het hom sy werkure laat vermeerder deur minder te slaap en meer na te vors met ŉ abnormale konsentrasie.[2]

Na ŉ vierjarige verblyf op Riebeeck-Wes het hy die „Schoo Honours Examination" in 1886 met goeie gevolg afgelê en vir sy matrikulasie-eksamen hom op Stellenbosch in die Victoria-Kollege laat inskryf. Met dieselfde erns as op Riebeeck-Wes het hy met sy studie begin: „Poring always over books, absorbing knowledge and retaining it, for his memory had be-

---

1. Armstrong: Grey Steele, 24.
2. Ibid., 26.

oome photographic in its exactness, in its power of retention and reproduction".[1)]

Gedurende sy graadkursus het hy literatuur en natuurwetenskappe bestudeer. Van die Engelse poëte, veral Milton en Shakespeare, het hy ingedrink, maar Shelley en Keats was sy geliefkoosde digters. Hy het nie die skoonheid van woorde en segswyses of die maat appresieer nie, maar hy het gesoek na die idees, na die stellinge en na die denkrigtings. Ook die Duitse digkuns van Schiller het hom aangegryp. Die Duitse filosofie, veral die van Hegel, het hom al idee-bewus gemaak en sy gedagtes laat uitkristalliseer. 'n Studie van Hegel se filosofiese denke het reeds by die jong Smuts die grondslag van sy holistiese lewensbeskouing gelê.[2)] Hierdie idees wat in hom vorm begin aanneem het, het hy gegiet in „Essays" oor onderwerpe soos „Slawerny", „Die Reg van die Individu". Die eiesoortige aandurf van die probleme het die aandag so getrek dat dit in die kollege-blaaie gepubliseer is. Die soort vraagstukke het vir Smuts in die besonder laat interesseer in die toekoms van Suid-Afrika as 'n groeiende organisme met sy noordwaartse rigting van uitbreiding.[3)]

Met sy studies het Smuts, wat hom vir die kansel moes voorberei, heel gou tot ander insigte begin kom en hy het besluit om liewer advokaat te word. Tydens 'n besoek van Cecil Rhodes aan Stellenbosch moes Smuts namens die studente 'n redevoering hou en die geagte besoeker bedank. In sy oratoriese toespraak het hy staatkundige denke geopenbaar, naamlik: „South Africa, like England in the Elizabethan era, was preparing and ready for expansion",[4)] wat dadelik die aandag van John Merriman en Rhodes gevang het sodat hulle groot dinge van hom voorspel het.[5)]

---

1. Armstong: Grey Steele, 29.
2. Die Transvaler: 12-9-1950.
3. Crafford: Jan Smuts, 13.
4. Tindall: James Rose Innes, 89.
5. Armstrong: a.w., 34.

(iii) Smuts in Cambridge.

Na die voltooiing van sy graadkursus in Stellenbosch het hy in 1890 na die universiteit van Cambridge vertrek om in die regte te studeer. Daar het hy onder die grootheid van die Britse Ryk gekom, die omvangryke Engelse letterkunde, die liberale staatsinstellings, die nie-sektariese onderwyswetgewing en die staatkundige denke van die Britse staatsmanne.

Tydens sy studie op Stellenbosch het hy reëds die grondslae van sy holistiese beskouing gelê deur ꞌn studie van die filosofie van Hegel te maak.[1]

Aan Cambridge het hy op vier-en-twintigjariee leeftyd sy boek geskrywe wat nooit gepubliseer is nie, naamlik „Walt Whitman", „a Study in the Evolution of Personality". Dit was die begin van die beliggaming van sy wêreldbeskouing in skrif.[2]

Volgens Millin is Smuts destyds beweeg om ꞌn studie van Walt Whitman te maak omdat die persoon die naaste aan sy ideaal gekom het. Geeneen van die stelsels van manne soos Plato, Aristoteles, Bacon, Hegel, Darwin en andere het hom bevredig nie, omdat hy ꞌn eie beskouing daarop wou nahou.[3]

Sedertdien het sy gedagtes meer en meer vaste vorm begin aanneem. Hy het tot die gevolgtrekking geraak dat in elke wese iets immanents aanwesig is, wat bevoegd is en die mag besit om wat die lewe potensieel inhou, tot volle ontwikkeling te bring.

Na ꞌn briljante akademiese loopbaan in Cambridge, waar hy die hoogste roem as student verwerf en die graad in die regte behaal het, is hy in 1895 weer terug in Kaapstad, nie as teoloog nie maar as advokaat.[4]

---

1. Die Transvaler: 12-9-1950.
2. Millin: General Smuts, Part 11, 396-'7.
3. Ibid., 397.
4. Millin: a.w., Part 1, 51.

(iv) Smuts as Joernalis.

Tot dusver was sy wêreld 'n wêreld van boeke, drome en onstoflike dinge. In Kaapstad het hy hom net so ywerig toegelê op ondersoekingswerk en die versameling van kennis uit ou dokumente. Vanweë sy ingetoë lewe as gevolg waarvan hy steeds uit voeling met die werklike lewe was, kon hy dus nie sy kennis doeltreffend op die praktiese lewe toepas nie.[1]

Omdat hy min wetsbedrywighede gehad het, het hy heelwat tyd aan die joernalistiek bestee. Artikels in Hollands en Engels is deur hom in vooraanstaande Kaapse koerante geplaas. Skerp kritiek is uitgebring op die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek, omdat Hollanders in plaas van Afrikaners in diens geneem is; op dr. Muir, die direkteur van onderwys in Kaapland, vir die toelating van Engelse en Skotse amptenare in die departement van onderwys en op die naturelleprobleem en immigrasie. Op 'n tydstip toe die Cape Times gedreig het om bankrot te gaan, het Smuts die blad weer finansieel gered deur 'n reeks artikels daarin te publiseer soos „The Moral Conception of Existence" en „The Place of Thrift in the Affairs of Life". Dadelik het hy 'n stroom van intekenaars gekry. Hierdeur het Smuts reeds getoon watter potensialiteite daar in hom geskuil het in verband met die suksesvolle propagering van 'n saak wat hy voorgestaan het.[2]

Later het hy die persverteenwoordiger van die parlementêre debatte geword. Aanvanklik het hy maar min belangstelling in die verrigtinge getoon, min wetende dat sy toekomstige loopbaan op die politieke arena toegespits sou wees.[3]

Op die persgalery het Smuts onbewus onder die indruk van die ingewikkelde staatkundige probleme van Kaapland en die twee Republieke gekom. Die politieke debatte van J.H. Hofmeyr, John Merriman, Cecil Rhodes, J.G. Sprigg, J.W. Sauer

1. Crafford: Jan Smuts, 15.
2. Armstrong: Grey Steele, 37.
3. Ibid.

en andere oor die Suid-Afrikaanse staatkundige aangeleenthede het die jong joernalis tot nadenke genoop en hom losgeruk van die teoretiese en in die rigting van die praktiese gedwing. Eindelik het hy besluit om van beroep te verander en los te kom van die droë persverslae. In die politieke lewe het hy meer verrassings en aksie gesien.

(v) Smuts betree die Politieke Arena: As Bewonderaar van Rhodes.

In die begin het Smuts as persverteenwoordiger die werk as roetine van die joernalistiek beskou. Sy belangstelling het egter begin toeneem nadat hy die intrige in die staatkunde begin peil het, totdat dit van sy hele wese besit geneem het. Al die ander belangstellingsfere het verdof. Sy godsdienstige oortuigings het flouer begin skyn. Die wet was sy beroep, maar hy het stadig tot die oortuiging gekom dat sy toekoms nie in die regswêreld nie maar in die politiek geleë is. Stadigaan het die staatkundige aangeleenthede hom aangedryf: „They became the centre and co-ordination force of all his thoughts and all his actions". Eers was hy verstrooid en sonder 'n gekonsentreerde, sentrale plan. Later was sy belangstelling op een doel gerig, met 'n bepaalde doelwit, naamlik staatkunde.[1)]

Al gou het Smuts op uitnodiging van Rhodes en Hofmeyr by die Afrikanerbond aangesluit. Rhodes het nou 'n kragtige ondersteuner vir sy ideale met Suid-Afrika in Smuts gevind. Die bedankingswoorde van Smuts aan Rhodes in Victoria-Kollege as student „which echoed all Rhodes's own ideas" het nou vinnig tot werklikheid oorgegaan.[2)]

Vir Rhodes was Smuts die uitverkore jong Afrikaner wat hom in sy werk sou ondersteun, „and he, who had been to England, knew something of the outside world and what the British Empire meant: a man with the right ideas - he will do

1. Armstong: Grey Steele, 38.
2. Ibid., 45.

big service for the Empire before he is finished".[1)]

As advokaat en joernalis was Smuts onseker en aarselend maar in die politiek het hy selfversekerd en oortuigend opgetree. In die Afrikanerbond met Olive Schreiner en Hofmeyr as leiers het Smuts hom tuis gevoel. Ook Rhodes het by die Bond aangesluit en jare lank het hy planne beraam om al die state van suidelike Afrika te verenig as deel van 'n verdere gedagte om in Afrika 'n Pan-Afrikaanse federasie te stig, geheel onder die Britse gesag.[2)] „He hoped to bring the English and Dutch together in co-operation."[3)] 'n Alliansie met Hofmeyr en die kragtige Afrikanerbond was die eerste stap in die staatkunde van Rhodes as Eerste Minister. Die stap het vir hom die volle steun van die Afrikaner-element verseker. „He laid the foundation in the Dutch mind of that confidence in the 'Englishmen with the Afrikander heart', which has enabled him to work successfully with the Dutchmen of the Colony, and begin his great work of welding the two races into one united people."[4)]

Rhodes het sy magsposisie so deeglik gebruik dat hy stadig die Afrikanderbond met sy eie liberale en verligte imperialisme deursuur het.[5)]

Die groot vraagstuk wat 'n oplossing in Suid-Afrika verlang het, was rekonsiliasie met die oog op geleidelike samesmelting van die twee wit rasse in die land.[6)]

Die beste maatreël vir rasse-samesmelting en rekonsiliasie was om die gebied vanaf die Sambesie tot die Kaap onder Britse administrasie te bring. Volgens Rhodes sou dit nie alleen 'n uitbreiding van die empire wees nie, maar „an expansion of the race, an expansion of English liberty, of English ideas and English principles".[7)]

---

1. Armstong: Grey steele, 45.
2. Crafford: Jan Smuts, 19.
3. Kiernan: General Smuts, 14.
4. Jameson: Cecil Rhodes, 33.
5. Ibid., 37.
6. Ibid., 297.
7. (a) Tindall: James Rose Innes, 69.
   (b) Jameson: a.w., 327.

Dit is meer as waarskynlik dat ons in so ꞌn samevoeging van ꞌn Suid-Afrikaanse volk volgens die genoemde prinsipes in Rhodes die argitek sal herken.[1]

Op hierdie beginsels het Hofmeyr vir Rhodes gesteun om die gemeenskaplike belange te verkry in verband met „kolonianisme", ꞌn soort vrygewestelike status, die vereniging van die Hollandse en die Britse elemente tot een Suid-Afrikaanse volk, met ꞌn gemeenskaplike gevoel en eenheidsbelang vir ꞌn Suid-Afrikaanse nasieskap.[2]

Hierdie beginsels het Smuts volmondig onderskryf. Hy het die Kaapse regering ondersteun om rassesamewerking te verkry, want met sy terugkoms uit Engeland aan die Kaap met sy gekompliseerde politieke en rasse-vraagstukke, het hy uit die parlementêre debatte, nuusblaaie en tydskrifte ꞌn opsomming gemaak van die heersende staatkundige aangeleenthede. Onwillekeurig het die gedagte by hom ontstaan of al die politieke denke van die Kaapse staatsmanne gedurende die laaste helfte van die 19de eeu enige resultate voortgebring het. In die opsig wou hy verandering sien: „whether and where in our weltering politics and firm land appeared on which we might take up our position for the purpose of surveying the present political horizon".[3]

Stadigaan het hy hom begin vereenselwig met die politieke lewe aan die Kaap en hy het ꞌn staatkundige vergelyk tussen die Transvaalse Republiek en Kaapland getref: die stygende mag en welvaart van die Republiek wat die vroeëre rasse-mededinging van Boer en Brit weer aangeblaas het en sy rasse-samewerking. Met die idee van nasiebou het hy dan ook die Rhodes-Hofmeyr-koalisie gesteun teen die „Boer particularism of the Transvaal and Orange Free State".[4]

---

1. Jameson: Cecil Rhodes, 322.
2. Millin: Cecil Rhodes, 61.
3. Diamond Fields Advertiser, Kimberley: Brilliant Address by the Advocate Smuts, of Cape Town, 30th. Oct., 1895.
4. (a) Ibid.
   (b) The Star: 12-9-50.

Met hierdie ingenome staatkundige standpunt het Smuts vir hom 'n groot toekoms voor die gees geskilder in die verenigde Suid-Afrika wat Hofmeyr en Rhodes hulle voorgestel het. Die begrip van die geheel uit die werke van Goethe en Walt Whitman het nou die gees van Smuts beheers. Hy het voor die vraagstuk van holisme te staan gekom in die toestand wat destyds hier in Suid-Afrika geheers het. Smuts wou 'n oplossing vind vir die twee botsende belange in die land: die van Rhodes se verenigde Suid-Afrika onder die Britse Ryk aan die een kant en die beleid van president Kruger van isolasie en van 'n verenigde Suid-Afrika onder die Vierkleur aan die ander kant. Hierdie beleid van Kruger het Smuts as benede hom en kleinlik beskou. Met 'n oog van veragting het hy daarop neergesien, want die brokstuk in die politieke vraagstuk kon nie opgaan in die eenheid van sy geheelsidee nie.[1)]

Uit die beleid van Rhodes kon 'n geheel van dele gebou word. Daarom was Rhodes vir hom die kampvegter vir die grootse idee: „the Colossus overriding, towering above every one else".[2)] As 'n hartstogtelike bewonderaar en ondersteuner van Rhodes het Smuts as apostel van die holistiese denke ontwikkel en opgetree, wat tot nog toe uit die oog verloor en verwaarloos is. Rhodes se idees en doelstellings, sowel as die Rhodes-Hofmeyr-kombinasie is in artikels verkondig en aangeprys. Ooreenkomstig die mag en vermoë van die Britse Ryk het hy ten gunste van die Engelse volk, die ras waaruit Rhodes afgestam het, geskryf en gespreek: „He compared Afrikaans, the local dialect of Dutch of South Africa unfavourably with English as a language".[3)]

Die geleentheid het aangebreek dat Smuts hom op die politieke platform sou waag om sy staatkundige denkbeelde aan

---

1. (a) Armstong: Grey Steele, 45;
   (b) Smuts: Groter Suid-Afrika, 150.
2. Armstrong: a.w., 46.
3. Ibid.

die wêreld te verkondig en Suid-Afrika van beskawingsondergang te probeer red.

Sy eerste openbare optrede was die gevolg van ŉ nota wat Hofmeyr, die leier van die Provinsiale Bondsparty, op aandrang van Rhodes aan hom gestuur het. Deur bemiddeling van Onze Jan is Smuts na Kimberley om die aanvalle van die Cronwright-Schreiners teen Rhodes te gaan weerlê. Terselfdertyd het Smuts van die geleentheid gebruik gemaak om die Rhodes-Smuts-staatkunde bloot te lê en te propageer. Op welsprekende wyse het hy van die verhoog af Rhodes se blanke opregtheid en eerlike bedoelinge teenoor Transvaal probeer bewys. Sy toespraak was gebaseer op die fundamentele beginsels van die Suid-Afrikaanse politieke toestand. Sy filosofie van holisme het hy prakties gaan verkondig en die volgende kardinale punte in die staatkunde uiteengesit: konsolidering van die blanke rasse, nasionalisme, die Afrikaner-Bondbeginsels, demokrasie, apartheidsbeleid in die wetgewing, die Naturellevraagstuk en die onderwys.[1]

<u>Konsolidering van die Blanke Rasse</u>.

Eerstens het die vraag ontstaan hoe die konsolidering van die twee Teutoonse volke wat Suid-Afrika as hulle tuiste geneem het, bewerkstellig kan word. Dat so ŉ samesmelting noodsaaklik is, is duidelik, indien die posisie van die blankes teenoor die nie-blankes in oënskou geneem mord. Tensy die blankes hulle geledere in die land sluit, sal hulle posisie onhoudbaar wees teenoor die oorweldigende meerderheid van barbare.[2]

Hoe kàn die konsolidering en samesmelting tot een homogene en blanke ras geskied? Stoflike belange sal die twee rasse tot ŉ kompromis verplig, maar so ŉ materialistiese samesmelting sal nie die sedelike toets kan deurstaan nie, aangesien ekonomiese en kommersiële verskille juis die re-

---

1. Diamond Fields Advertiser: 30th. Oct., 1895.
2. Ibid.

publieke en Kaapland van mekaar laat wegdryf het. Dit is alleen die onsigbare bande van eenwording „which are harder as stone and tougher than the toughest metal. In one word, we want a great South African nationality, and pervading national sentiment".[1)]

Nasionalisme.

In verband met nasionalisme het hy die geskiedenis van die wêreld kortliks geskets. Die begrip van demokrasie in Europa en Amerika het hy as voorbeeld geneem. Die idee van nasionalisme het ꞌn magtiger invloed op die beskawing uitgeoefen as wat demokrasie ooit bereik het. Die 19de eeu kan spesiaal die eeu van nasionalisme genoem word. In die 18de eeu, met die opkoms van materialisme en die liberale, oppervlakkige Franse filosofie het die term „patriot" veelal ꞌn woord van smaadheid geword. Nasionalisme is uit die woordeskat verband, en in die plek daarvan is die genoeglike woord „kosmopolitanisme" gebruik. Met die koms van die Franse rewolusie is die misleidende kosmopolitisme weggewis, omdat dit as waardeloos beskou is om as bindende krag vir die volke te dien en gevaarlik omdat dit nasionalisme sou ondermyn.[2)]

Die geskiedenis van die 19de eeu het geleer dat die bindkrag van nasionalisme die kragtigste en voordeligste in die politieke sfeer en in die gemeenskap is: „This all-pervading national consciousness is the great ultimate basis of union, it inspires deeds of national sacrifice and heroism, it inspires a great national literature and a great national politics".[3)] Dit is hierdie gees van nasionalisme wat onbewus die geskiedenis van ꞌn volk sy vorm gee, wat die geslagte saambind, ꞌn gemeenskaplike doel laat dien en die aard en die sosiale en staatkundige instellings vorm.

---

1. Diamond Fields Advertiser: 30th. Oct., 1895.
2. Ibid.
3. Ibid.

Smuts het betoog dat hierdie allesbehelsende, saamvoegende nasionale sentiment die werklike krag is wat in Suid-Afrika met sy verskeidenheid van bevolking nodig is: „The formation and consolidation of a great compact, homogeneous South African Nationality must be the great ideal in South African politics".[1]

Beginsels van die Afrikanerbond.

Smuts het in sy toespraak daarop gewys dat die beginsels van die Afrikanerbond deur hom heelhartig onderskryf word, omdat die Bond die eerste organisasie is wat die idee van nasionalisme in die Kaapse politiek begin het. Die uitgangspunt van die Bond is die nasionale idee en op dié basis het hulle vir die ideaal van 'n Suid-Afrikaanse Unie gestreef.

Die Bond waarvan hy lid was, het die leiding van God in die lotgevalle van volke en lande erken. Onder die leiding van die Voorsienigheid is verstaan die vorming van 'n homogene nasionalisme, en die voorbereiding van die volk vir die vestiging van 'n verenigde Suid-Afrika. Vir die bereiking van die doel is nodig dat daar 'n noue band tussen die verskillende blanke bevolkingsdele in Suid-Afrika gelê moes word en dat die selfstandigheid van Suid-Afrika bevorder moes word.[2]

In verband met die nasionale beweging het Smuts ingrypende gesigspunte geopenbaar wat geweldige komplikasies na 1900 in die Suid-Afrikaanse staatkunde veroorsaak het. In die praktiese toepassing van sy staatkunde het hy die volgende duidelik-omskrewe standpunt van sy politieke strewe blootgelê:

> „If the formation of a compact all-embracing South African nationality be the great ideal in South African politics, it at once follows that European Continental powers ought to be kept as much as possible outside the arena of South African political strife. European Continental politics would only introduce a disturbing element into our own, and retard the unification of our States and Colonies".[3]

1. Diamond Fields Advertiser, 30 Oct., 1895.
2. Ibid.
3. Ibid.

Wat die inmenging van Engeland betref, het hy ŉ uitsondering gemaak. Vir die groot opofferinge van Engeland vir Suid-Afrika in die beskerming van die kuste is die land die aangewese beskermheer en derhalwe „undoubtedly entitled to a voice in our counsels".[1] Volgens Smuts is die bereiking van die ideaal van Britse inmenging moontlik.

Ander fundamentele stellings vir die Suid-Afrikaanse politiek het Smuts in sy toespraak ook aangeroer.

Die Demokratiese Formule.

ŉ Volgende staatkundige stelling wat as fundamenteel in die Suid-Afrikaanse politiek beskou kan word, is die Naturellevraagstuk, naamlik die teorie van demokrasie wat gangbaar en prakties in Europa en Amerika is, maar ontoepaslik vir die gekleurde rasse in Suid-Afrika. Aan die barbaarse en halfbarbaarse naturelle kan die gevorderde staatkundige beginsels en gewoontes van die hoogsontwikkelde volke nie met veiligheid toegepas word nie. Smuts het voorts beweer dat die Afrikaanse naturel nie in ŉ dag die peil van beskawing kan bereik wat die hoogsbeskaafde volke eeue geneem het om te bereik nie. Dit is ŉ welbekende feit by die beste outoriteite op die gebied dat ŉ volk nie geregtig is op demokratiese of populêre selfregering waarvan die beginsels vir hom abstrak is nie. So ŉ volk moet vir konstitusionele selfbestuur ryp wees. Ondervinding het getoon dat veelvuldige gemeenskappe bewys gelewer het dat hulle onwaardig is vir die eer en verantwoordelikhede van stemreg en selfbestuur.[2]

Smuts, wat geen liberale denkbeelde in verband met demokratiese instellings gehuldig het nie, het die liberaliste in sy toespraak aangeval. Hy het die feit gehekel dat daar in die land so baie welmenende persone streng aan die abstrakte beginsels van rassegelykheid vasklem. Hy het die vraag gestel of diegene gemengde huwelike voorstaan: „I am

1. Diamond Fields Advertiser, 30th. Oct., 1895.
2. Ibid.

afraid some do, but the obloque that overtakes these exceptional cases only proves the depth and passion of the popular conviction that white and black stand on different footings".[1)]

Smuts het volmondig verklaar dat hy tereg erken dat die demokratiese formule van gelykheid nie op die rasseprobleem toegepas kan word nie. Sy Frans-Hollandse voorouers wat Europa verlaat het lank voor Rouseeau se filosofie van gelykheid Europa in die harnas van rewolusie gejaag het, en lank voordat die stroom van filantropisme oor die vasteland gerol het, het miskien in die uiterste geval die feit vir n lang tyd reeds erken.[2)]

Die Naturellevraagstuk.

In verband met die aktuele vraagstuk het Smuts ook sy standpunt uiteengesit, en geen liberale of negrofilistiese trekke is in sy staatkunde geopenbaar nie. Hy het die probleem as baie brandend beskou: „already the foremost question of the day, and largely the dividing line in our politics, this subject looms still more ominously on the dark background of our future".[3)]

Hy het die posisie van die blankes in Suid-Afrika as een van die ernstigste verantwoordelikhede en moeilikhede beskou. Die blankes moet die beskermhere van hulle eie veiligheid en ontwikkeling wees; terselfdertyd dra hulle gesag oor die nie-blankes.

Die Christelik-nasionale lewenshouding in sy Naturellebeleid het hy verder uiteengesit. Hy het voorts verklaar hoe n vorige groep Suid-Afrikaanse staatmanne nie geskroom het om volle demokratiese regte aan die Naturel te gee nie. Ander het op hulle beurt nie gehuiwer om die Naturel met n dier gelyk te stel nie. Volgens sy nasionale beleid het hy die volgende gedragslyn voorgestaan:„It is pre-eminently a

1. Diamond Feilds Advertiser, 30th. Oct., 1895.
2. Ibid.
3. Ibid.

case for slowly, wisely, and cautiously footing forward, tentatively feeling our way, one generation building warily on the experience, the failures and successes of a previous generation. Injustice, unfairness, oppression on the part of the whites would in the course of time poison the native mind against the whites".[1]

Terwyl die optimistiese politici en filantropiste naturelle-onderwys voorgestaan het en „teach them to read and think, that will be the surest means of saving them", het Smuts op sy beurt geglo dat intellektuele ontwikkeling die Naturel meer laat ontaard.[2]

Naturelle-onderwys.

Die konklusie waartoe Smuts geraak het met die Naturellevraagstuk was dat die stelsel van Naturelle-onderwys in Suid-Afrika meer nadruk op liggaamlike opvoeding en handewerk as op intellektuele ontwikkeling moet lê. In Hellas en Rome was in die vroeëre eeue die opvoeding hoofsaaklik fisies van aard. Die latere Europese opvoeding was vir eeue byna uitsluitlik fisies. Leerjongskap is toe in die plek van die hedendaagse skool gestel. Skielik het die volk van Suid-Afrika in die 19de eeu die teenoorgestelde rigting begin volg en die opvoeding het byna suiwer intellektueel geword om tred te hou met die Europese beskawing en opvoeding. Smuts het aangevoer dat teen die negentigerjare in die buiteland aangevoel is om die fout te herstel en sport is as aanvulling van die intellektuele onderrig in die skole ingevoer. Oral in die Europese lande is deur hoogaangeskrewe opvoedkundiges 'n beweging op teu gesit ten gunste van die ontwikkeling en oefening van die hand en die oog.[3]

As hierdie argument wat uit ondervinding voortgespruit het van enige waarde vir die blankes was, sou dit honderd-

1. Diamond Fields Advertiser, 30th. Oct., 1895.
2. Ibid.
3. Ibid.

voudig meer oortuigend op die naturelle toegepas kon word , het Smuts beweer. Die Naturel wil veral liggaamlike onderrig en handearbeid hê. Die Naturel moet die waarde van arbeid, die sedelikheid en sosiale ontwikkeling geleer word wat uit eerlike arbeid voortspruit.[1)]

Die kern van die toekomstige Naturelle-onderwysbeleid het Smuts soos volg saamgevat:

> „Pure intellectual education which in the case of the whites, is complemented and set off by the moral culture and religious traditions of many centuries gives in the case of the natives unballasted by moral heredity only additiohal scope and stimulus to those insiduous vices of our white civilisation to which the narive falls such an easy and hopeless prey. It is by developing his physical manhood, by bracing his moral and social stamina, that alone this great work of raising the coloured race can be done."[2)]

Die skool vir harde liggaamlike arbeid was die plek van voorbereiding vir die superieure blanke rasse deur die eeue; veel meer moet dit die voorbereidingsplek vir die nie-blankes wees. In daardie skole moet hulle dieselfde lesse leer van liggaamlike moraliteit, beheersing, die wenslikheid van 'n hoër sosiale en intellektuele lewe wat die blankes in dieselfde skole geleer het.[3)]

Hy het 'n ernstige beroep gedoen om die skouer aan die wiel te sit om te sien of dit nie moontlik is - allereers deur oortuiging, vreedsmae dwang indien nodig - om die Naturel te dissiplineer tot iets waardigs in die beskawing nie. Dit is staatsmanswysheid, dissipline en organisasie wat alleen die probleme van eenheid en die rassevraagstukke kan oplos.[4)]

Smuts het sy staatkundige beleid soos volg geformuleer:

> „If we are entitled to generalise from facts, it seems to me that each great continent will pre-

---

1. Diamond Fields Advertiser, 30th. Oct., 1895. Dieselfde mening het Smuts in 1907 ook nog gehuldig. Sien voetnoot
2. Ibid.; Sien ook: Wetgewande Raad. Debatten, Eerste Zitting, 1907, Transvaal, 313.
3. Diamond Fields Advertiser, 30th. Oct., 1895.
4. Ibid.

> sent its own particular features and fulfil its own mission in the political development of humanity. As Asia was the home of religious despotism and Europe that of feudal monarchy, as the New World is the home of popular democracy, so the Newer World, if I may use the term, will have for its mission and destiny the development of a grand racial aristocracy".[1)]

Samevattend kan gesê word dat die staatkundige beginsels soos deur Smuts in sy Kimberleyse toespraak uiteengesit is, 'n treffende ooreenkoms met die beleidsverklaring van die Nasionale Party in Suid-Afrika vertoon. Die staatkundige beleid, die beleid van Christelik-nasionale onderwys vir blank en nie-blank, die apartheidsbeleid, groepsverteenwoordiging en die soewereiniteit van Suid-Afrika in die volkerewêreld is in die verklaring van Smuts verteenwoordig.[2)]

Smuts het 'n oorweldigende toejuiging na sy toespraak ontvang. Selfvoldaan met sy eerste sprong in die politieke lewe is hy na Kaapstad terug om verslag aan die Bond te doen. Met des te meer ywer het hy hom hou op Suid-Afrikaanse staatkunde toegelê, maar Smuts het nie geweet dat die ondergang van die Kimberleyse ster so na in die verskiet is nie, en Smuts het in Rhodes bedroë geraak.

(vi) Smuts word 'n vurige Republikein.

Vier maande na die Kimberleyse toespraak is Smuts hewig in Rhodes geskok as gevolg van die Jameson-inval. Eers was Rhodes vir hom die sigbare skakel tussen die twee blanke rasse, maar nou het hy die groot rassestruikelblok geword. Die Afrikaner het nou weer gestaan waar hy in 1881 gestaan het. Na 'n jaar het Smuts in bytende sarkasme sy Kimberleyse toespraak waarin hy vir Rhodes opgehemel het, geprobeer ongedaan maak. Al sy verwagtings was verpletter. Rhodes het verraad teenoor Smuts en die Afrikanerbond gepleeg in die grootste verwagting van 'n groot verenigde volk in Suid-Afrika. 'n Gevoel van diepe vernedering het Smuts oormeester. Hy het

1. Diamond Fields Advertiser, 30th. Oct., 1895.
2. Sien Konstitusie van die Herenigde Nasionale Party.

getrag om Rhodes uit sy gedagtes te verban.[1)]

Tog het die beeld van Rhodes, die man met die groot en inspirerende idees, diep in sy gees bly lewe. Die gees van Rhodes was sy gees wat die res van sy lewe by hom sou bly, want Smuts het ook deur sy geheelheidsbegrip geglo in 'n groot Suid-Afrika, 'n vereniging van die twee blanke rasse soos dit in sy holistiese idee weerspieël word.[2)]

Uit eie beweging het Smuts sy Britse nasionaliteit verwerp om weg te kom van alles wat met Rhodes verband gehou het. Hy het hom onder president Kruger as regter gaan skaar en tegelykertyd 'n vurige aanhanger en verdediger van Krugerisme geword. Hy het getrag om elke spoor van sy gewese held uit te wis: „He swept from one loyalty to the other extreme with an energy which mounted up into a fury of bitterness".[3)]

Smuts was tans vyandiger teenoor Engelsgesindheid as wat die vurigste ondersteuner van Kruger ooit kon wees. Die Britse beleid en veral die van Rhodes is met elke denkbare geleentheid aangeval en gehekel: „It is the English who have roused the national hatreds".[4)]

In 1899 het Smuts in die slothoofstuk van „'n Eeu van Onreg" die feite nagegaan van die honderdjarige verdrukking en vervolging van die Afrikanervolk. Uit die mond van geloofwaardige getuies, byna almal van Britse nasionaliteit, is die bewerings gemaak. Hy het 'n skets gegee van die Britse imperialisme en hoe dit in die vorige jare Afrikanerisme probeer verswelg het. Aan die vooraand van 'n stryd waarin sy volk met algehele uitdelging bedreig word, het hy nie geskroom om die waarheid te spreek nie: „sodat selfs as ons uitgedelg word, die waarheid deur ons sal seëvier oor ons oorwinnaars en as 'n kanker aan sy publieke lewe sal voortvreet

---

1. Armstong: Grey Steele, 56.
2. Kierman: General Smuts, 21.
3. Armstong: a.w.; The Rand Daily Mail: 5-1-06.
4. Ibid.

totdat ook hy in die mag van die verganklikheid sal wegsink".[1]

Hy het hom tans gedwonge gevoel om die feite van die Britse verhouding teenoor die Republieke gedurende hulle bestaan uiteen te sit. Tot sover het die volk geswyg; hulle is verag, beklad, geslaan en met alle moontlike minagting en haatlikheid bejeën. Voorts het Smuts daarop gewys dat: „Op honderde platforms van Groot Brittanje en die van die mees gesaghebbende staatsliede is ons volk in die laaste tyd uitgemaak as onbevoeg, onbeskaaf, eerloos, troueloos, korrup, bloeddorstig, verraderlik, ens., totdat nie alleen die Britse publiek nie, maar, ook die hele wêreld begin glo het dat ons byna met wilde diere gelyk staan".[2]

In sy skrywe het hy dit benadruk dat Nabot se reg op sy wingerd vernietig moes word, en volgens die huigelagtige Britse diplomasie was die kortste weg tot daardie einddoel om te bewys dat hy ŉ skurk is en Agab ŉ engel.[3]

ŉ Verbitterde siel het gekla teen die onreg van „mag is reg". Die donker onweerswolke het hy sien naderskuif oor ŉ volkie nog pas in sy kinderskoene: „Teen ons is geskaar die getalsterkte, die openbare na bloed en wraak dorstende mening van die Britse Ryk, die kapitaal van die wêreld en al die kragte wat alleen die roofsug en plundergees byeen kan versamel. Gedurende die laaste jare het ons lot steeds hagliker geword. Die kordon van roofdiere en roofvoëls is in die afgelope tien jare steeds nouer en nouer om ons arme gedoemde volkie getrek".[4]

Hy het sy volk opgeroep tot die stryd teen die nuwe wêreldtiran van kapitalisme, wat deur al die mag van die Jingoïsme gesteun word. Hy het die hoop uitgespreek dat die geloof onuitblusbaar in die volk se harte sou wees en

1. Reitz: ŉ Eeu van Onreg, 52.
2. Ibid.
3. Ibid., 53.
4. Ibid.

ʼn baken van lig sou word op die pad wat sou gaan deur bloed en trane en wat na ʼn waarlik verenigde Suid-Afrika sou lei: „Of ons oorwin en of ons sterf: die Vryheid sal in Suid-Afrika rys soos die son uit die môrewolke, soos die Vryheid gerys het in die Verenigde State van Noord-Amerika. Dan sal dit wees van Sambesie tot aan Simonsbaai".[1)]

As ʼn egte Republikein het Smuts die begin van die 19de eeu ingegaan en moes die beker van die verlore onafhanklikheid van die Transvaal ledig.

(vii) <u>Die Staatkunde van Smuts in Transvaal 1902-1907. Smuts die Onversoenlike 1902-1904.</u>

Met die Vrede van Vereeniging in 1902 het hy saam met die volk by die graf van die twee Republieke gestaan. Na eindelose toesprake het Smuts eindelik opgestaan en die posisie in gloeiende woorde van oortuiging en vaderlandsliefde saamgevat. Dit moes ʼn diep indruk gemaak het en het ongetwyfeld die deurslag gegee tot die finale besluit om die wapens neer te lê. Hier volg enkele uittreksels wat waardevolle lig werp op die staatkunde en houding van Smuts tussen 1902-1904.

> „Dit is voor ons een groot oomblik, misschien het laatste, dat wy als een vry volk en als eene vrye Regeering by elkander zullen komen. Laten wy ons dus opheffen tot de hoogte en de grootheid van de gelegenheid en tot eene beslissing komen, waarvoor het Afrikaansche nageslacht ons zal zegenen en niet vervloeken. Het groote gevaar voor deze vergadering is, dat zy uit een bloot militair oogpunt tot een besluit zal komen."[2)]

Dan toon hy aan dat hulle militêr gesproke die stryd nog kan volhou. Dit sou geskied ten koste van die volk wat uitsterf. Hulle is nie as ʼn leërmag nie maar as ʼn volk bymekaar. Niemand sit daar om sy eie kommando te verteenwoordig nie. Elkeen verteenwoordig daar die Afrikaanse volk, nie slegs die deel wat tans in die veld is nie, maar ook die deel wat reeds

1. Reitz: ʼn Eeu van Onreg, 57.
2. Kestell en Van Velden: Vredesonderhandelingen tusschen Boer en Brit in Zuid-Afrika, 193.

onder die aarde rus en die deel wat na hulle nog sal bestaan. Hulle roep hulle toe vanuit die gevangenisse, die kampe, die graf, die veld, en die skoot van die toekoms om tog wyselik te beslis en alle stappe te vermy wat tot die ondergang en uitroeiing van die Afrikaanse volk kan lei en wat dus hulle opofferinge sal verydel. „Maar wy mogen niet het Afrikaansche volk voor de onafhanklikheid opofferen."1)

Hy het verder geargumenteer dat hulle die stryd moet staak want hulle mag nie die volk, die toekoms vir 'n idee opoffer wat nie meer verwesenlik kan word nie. Al die ontsettende opofferinge het hulle nie nader aan die onafhanklikheid gebring nie. Die land is reeds tot in die grond geruïneer en daar is ook geen hoop vir bystand van buite nie.2)

Hartstogtelik het hy aan die einde van sy toespraak sy mede-offisiere met die volgende woorde tot instemming gebring:

> Broeders, wy hebben besloten tot het bittere einde te staan; laten wy als mannen erkennen, dat dat einde voor ons gekomen is, gekomen in bitterder vorm dan wy ooit hadden gedacht. Voor een ieder van ons zou de dood een zoeter en zachter einde geweest zyn, dan de stap, waartoe wy nu zullen moeten overgaan. Maar wy bukken voor Gods wil. De toekomst is duister; maar wy zullen den moed, de hoop, het vertrouwen op God niet prysgeven. Niemand zal my ooit overtuigen, dat de ongeëvenaarde opofferingen, door het Afrikaansche volk op 't altaar der vryheid gelegd, ydel en tevergeefsch zullen zyn. De Vryheidsoorlog van Zuid-Afrika is gestreden, niet alleen voor de Boeren, maar voor het gansche volk van Zuid-Afrika. De uitkomst van dien stryd laten wy in Gods hand. Misschien is het Zyn wil om het volk van Zuid-Afrika door nederlaag, door vernedering, ja zelfs door het dal der schaduwe des doods, te leiden tot een betere toekomst in een helderen dag."3)

Hierdie magsdaad van Engeland wat die ideaal van Rhodes met wapengeweld verwesenlik het, het 'n wrede gebelgdheid in Smuts laat ontbrand. 'n Wrok het hy teen sy vyand, die Brit, gekoester, maar veral 'n bitterheid het teenoor sy aartsvyand Milner ontstaan: „the man who had slighted him before Kruger

---

1. Kestell en Van Velden: Vredesonderhandelingen tusschen Boer en Brit in Zuid-Afrika, 193.
2. Ibid., 195-'6.
3. Ibid., 197.

at Bloemfontein, the Imperialist who stood against him and Botha at Middelburg".[1]

Milner, met sy neerbuigende houding en trotsheid, „drove Smuts into a blind fury which his utter helpnessness only increased". Vir Smuts was Milner se aankoms in Suid-Afrika die ondergang van die Afrikanerdom: „we have been the freest people on earth, we are chained down".[2]

Magteloos het Smuts aanskou hoe Milner na 1902 met sy rekonstruksiewerk aangaan om die Boerevolk te denasionaliseer. Milner se pogings het slegs daarin geslaag om die uiterste gebelgdheid by die verowerde republikeine op te stook en om 'n nuwe uitbarsting van Afrikaner-nasionalisme te verhaas.[3]

Vasberade het Smuts vir Milner en Milnerisme geopponeer. Gefolter deur afguns en verbitter deur frustrasie het Smuts aanskou hoe die hooghartige Milner en sy „Balliol-kindergarten" die regeringsposte beklee waaruit hy en sy Boeremakkers met geweld verdryf is. Milner, die toonbeeld van onderdrukking en van die ondergang van die Afrikanerdom, moes vernietig word.

Om sy doel te bereik, het hy Milner se administrasie en die goewerneur self aangeval. Milner het daarop vir Smuts, Botha en Delarey uitgenooi om in die Wetgewende Vergadering van Transvaal te dien. Met veragting het hulle dit van die hand gewys.[4]

Smuts het elke oomblik te baat geneem om elke mislukking van die nuwe bewind uit te buit. Dwarsdeur die land was daar lyding en baie ontevredenheid met die nuwe regering. Die toestand is vererger deur die tydelike mislukking van die goudmyne wat, nadelig getref deur die tekort

---

1. Armstrong: Grey Steele, 146; The Rand Daily Mail: 14-2-'03.
2. Ibid.
3. Crafford: Jan Smuts, 70.
4. Ibid., 71.

aan naturellearbeid, onbevredigende resultate gelewer het. Om die arbeidtekort aan te vul, het Milner baie goedkoop Chinese-arbeid ingevoer en daarmee 'n magtige protes van die Afrikanerdom uitgelok, onder leiding van hulle kampvegter: Smuts. Hy het Milner daarvan beskuldig dat hy die land op die afgrond van bankrotskap gevoer het en hy het hom aangekla dat hy planne smee om selfs die siel van die Afrikanervolk uit te delg.[1]

Die repatriasiedepartement is as 'n algehele en treurige mislukking bestempel, sy beleid van denasionalisasie is skerp gekritiseer en die hele ekonomiese stelsel is as bedrog beskou.[2]

Dit was egter eers nadat Botha en Smuts met Joseph Chamberlain, die persoon wat Milner in sy imperialistiese planne gesteun het, oor Selfbestuur in die nabye toekoms gespreek het, dat Smuts gekalmeer is. Chamberlain was mild en toegewend, want hy wat die oorlog aangeblaas het, het besef dat die stryd groot bitterheid nagelaat het en baie jare sou nodig wees om dit uit te wis. Dit was Chamberlain wat die onreg ongedaan wou maak en die twee Boereleiers se hande vir versoening wou neem.[3]

Botha, wat met sy reis na Londen onder die invloed van die mag van die Britse Ryk en die toegeeflikheid van die Britse staatsmanne gekom het, het verklaar dat sy ondervinding hom geleer het dat die plek van Suid-Afrika binne die Britse Ryk is.[4]

Smuts het al gou weer dieselfde opvatting gehuldig. Nieteenstaande die oorlog en die invloed van Kruger het hy in terme van Rhodes se ideaal gedink: 'n onverdeelbare Suid-Afrika, 'n Suid-Afrikaanse nasie wat alle blankes insluit.[5]

1. Crafford: Jan Smuts, 72.
2. Ibid.
3. Breytenbach: Die Betekenis van die Tweede Vryheidsoorlog, 18.
4. Armstong: Grey Steele, 150.
5. Crafford: a.w., 71.

Na die toekenning van Verteenwoordigende Bestuur vir Transvaal het Smuts weer aktief in die politieke lewe begin optree. Hierdie vriendskapsdaad van die Britse regering het op beide Botha en Smuts 'n swaar morele verpligting geplaas, sodat hulle later steeds verder moes saamgaan waar dit die ryksbelange geraak het.[1)]

Hulle sou voortaan die aanvaarding van die Britse Ryk verkondig, maar te alle tye sou hulle Milner se administrasie aanval en sy foute meer as in die verlede uitbuit en persoonlik geen verantwoordelikheid in die regering aanvaar nie.[2)]

Tydens die besoek van Chamberlain aan Pretoria het Smuts volmondig die belange van Transvaal binne die Britse Ryk ondersteun. Kragtig bewus en versekerd van die geheelheidsbegrip in die tydsbestek van opbou van 'n geruïneerde Transvaal het hy vir Chamberlain soos volg verwelkom: „We are loyal to the Treaty and the Empire. We now come to you, to our new Government and offer our loyalty, and it would be wiser now and at once to give Self Government and so win the complete confidence of South Africa".[3)]

Die uitvloeisel van hierdie uitnodiging was dat Chamberlain vir Smuts uitgenooi het om sitting in die Wetgewende Vergadering te neem, wat hy egter van die hand gewys het, omdat hy gevoel het dat die soort regeringsvorm ongewens is om sy geheelheidsbegrip tot sy volle konsekwensies uit te voer. Intussen is die agitasie nog hewig teen Milner en die roofvoëls voortgesit, „voraciously feeding on the corpses of liberty".[4)]

Die nuwe Transvaal is deur Smuts as die nuwe tuiste van van volksdemokrasie beskou en nie van die Milner-outokrasie

---

1. Van den Heever: Generaal Hertzog, 218.
2. The Rand Daily Mail: 14-2-'03.
3. Armstrong: Grey Steele, 151.
4. (a) Ibid., 156;
   (b) The Rand Daily Mail, 14-2-'03.

nie. Gedagtig aan die beloofde Selfbestuur was Smuts met niks minder tevrede nie. In Selfbestuur alleen sou die hedendaagse verwarring verdwyn en die ou skeiding en verdeeldheid in die volkselemente uitgeskakel word. Die vyandigheid wou hy deur vriendelikheid vervang. Dit is vir Smuts skeppende ewolusie en dit sou sielevrede verskaf. Met hierdie gedagte het hy angsvallig die staatkundige opvolging van gebeurtenisse in Engeland afgewag.[1)]

Hierdie verwagting van Smuts is nie teleurgestel nie. Bemoedigende berigte uit Engeland het gekom wat ŉ oorwinning vir die Liberaliste oor die Konserwatiewes voorspel het. Chamberlain het beloof om Selfbestuur aan Transvaal toe te ken sodra ŉ Liberale Kabinet aan die bewind sou kom. Voordat hierdie toegewing sou geskied, wou Botha en Smuts eers hulle huis in orde bring deur die volk in een groot politieke organisasie saam te snoer.[2)]

„Het Volk" Party en C.N.O.

Inleiding.

In artikel 7 van die Vrede van Vereeniging is daar voorsiening vir militêre administrasie in die twee verowerde republieke gemaak en dit moes so gou moontlik deur ŉ siviele regering vervang word. Sodra omstandighede dit toelaat, sou verteenwoordigende instellinge wat op Selfbestuur moes uitloop, ingevoer word.[3)]

Die Verteenwoordigende Bestuur moes dien as ŉ tussenstap voordat die toekenning van volledige Selfbestuur Suid-Afrika op ŉ gelyke voet met die ander selfregerende Britse besittings sou plaas.[4)]

Die gees waarin hierdie toekenning deur Engeland gemaak is, is duidelik in die Anneksasie-proklamasie weerspieël wat in die Britse Laerhuis voorgelees is:„....We can

1. Smuts: Groter Suid-Afrika, 153-4.
2. Armstrong: Grey Steele, 157-8.
3. Kestell en Van Velden: Boer en Brit in Suid-Afrika, 118.
4. Washington: A Comparison of the South Africa Act 1909 with Similar Constitutions elsewhere, 44.

promise that there shall be throughout South Africa equal laws, equal liberty - not, indeed political independence (in the first instance, that must be more restricted in these two Colonies than it is in the Colonies of the Cape and Natal), but a liberty and constitution leading ultimately to Self-Government, which we all desire to see established as soon as possible".[1)]

Die rede waarom die Britse regering nie so spoedig na die vrede so ŉ konstitusie wou toelaat nie, was omdat dit in die oë van party politici ŉ waagstuk sou wees. Aan die ander kant „they are aware that this constitution will not satisfy the aspirations expressed recently by a large number of people in the Colony itself".[2)]

Uit die oogpunt van die Britse owerheid wou hulle nie die Afrikaner as ŉ geïsoleerde onafhanklike groep in die wêreldryk sien nie, maar as ŉ steunpilaar in die Britse Ryk. Die hartstogtelike wense van Sy Majesteit, die Koning van Engeland en Sy Majesteit se Regering was dat „a complete reconciliation between men of two great and kindred races should, under the leading Divine Providence, speedily come to pass".[3)]

Hierdie rekonsiliasiebeleid van die Britse regering het as gevolg gehad dat Verteenwoordigende Bestuur op 31 Maart 1905 aan die Transvaal toegeken is.[4)] Die resultaat was egter dat nóg die Engelse nóg die Afrikaanssprekendes genoeë met die stap van die Britse kabinet geneem het. Smuts, wat geweet het van die beloofde toegewing, het allermins daarmee genoeë geneem en met ŉ intensiewe veldtog in die politiek die volk tot Selfbestuur opgesweep. Om sy saak te bespoedig en met ŉ verenigde front sy ideale te

---

1. Cd.2400,1: Lyttleton's Despatch providing for Constitutional Changes in the Transvaal.
2. Ibid., 4-5.
3. Ibid., 5-6.
4. Cd. 2400 van 1905, 6.

demonstreer, is die volk in partye gegroepeer.[1]

Die Ontstaan van Het Volk-Party.

In Desember 1905 het die Liberale party in Engeland die oorwinning oor die Konserwatiewe party behaal en Campbell-Bannerman het sy nuwe kabinet saamgestel.[2]

Die ontevredenheid oor die konstitusionele toekenning van Verteenwoordigende Bestuur het die bevolking in Transvaal in die twee groot partye, naamlik die „Het Volk" en die Progressiewe party laat ontwikkel. Die tydperk tussen 28 November 1904 en 6 April 1905 kan tereg as die periode van partyvorming in Transvaal bestempel word.[3]

Na 1902 was die strewe van die Milnerregime om 'n Gefedereerde Brits-Suid-Afrika in 'n Gefererereerde Britse Ryk tot stand te bring met 'n Ryksparlement in Brittanje wat sy lotsbestemming van 'n afstand sou bestuur. Al die pogings om hierdie mense te denasionaliseer, was uit die staanspoor tot mislukking gedoem, want die owerheid het nie die vasberadenheid van die Boerekarakter in aanmerking geneem nie. Net groter geestelike verset is uitgelok. Die Afrikaner het gevoel dat sy bestaan hier op die spel is en alleen deur eendragtige optrede kan 'n bolwerk gevorm word. Deur die oproep van Smuts is op 24 Mei 1904 met die volkskongres 'n politieke organisasie op Pretoria gestig wat na die staatkundige, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige belange van die Boerevolk sou omsien.[4]

Dit was hoofsaaklik 'n Boere-organisasie wat op die Boeretradisie met 'n onverdeelde trou aan die hoofkomitee (Generaals Louis Botha, J.C. Smuts, J.H. Delarey, C.F. Beyers, en A.D.W. Wolmarans) bestaan het.[5]

---

1. Crafford: Jan Smuts, 73.
2. Millin: General Smuts, 212.
3. Washington: A Comparison of the South Africa Act, 50.
4. Cd. 2479, 59-60: Statutes van die „Het Volk".
5. Ibid.

Die party was toeganklik vir beide Boer en Brit. Hierdeur wou Smuts beide rasse in sy politieke aspirasies inskakel ter bereiking van sy holistiese idee. Dadelik het Smuts hom op artikel 7 van die Verdrag van Vereeniging beroep om sy ideale tot verwesenliking te voer. Sonder volle verantwoordelikheid in die regering kon hy nie 'n Suid-Afrikaanse geheel van die Britse Ryk verwesenlik sien nie.[1)]

Sy medeleiers het hom hierin kragtig gesteun. Op die kongres het Generaal Beyers opgemerk dat die organisasie beide die twee nasionaliteite as lede wens in te sluit om derhalwe blywende vrede en voorspoed in Suid-Afrika te verseker. Alleen deur samewerking kan die land welvarend word.[2)]

Generaal Ben Viljoen het ook samewerking van die politieke partye bepleit. Die Vierkleur is begrawe, die wapens is neergelê en die Boerevolk het geen ondergrondse beweging aan die gang nie.[3)]

Die gees en rigting van die Boerevolk is duidelik in die konstitusie van die party omlyn. Twee artikels het bepaal dat na Selfbestuur gestreef word in plaas van die voorgestelde Verteenwoordigende Regering van 1905 en dat die volk onwillig is om enige aandeel in die administrasie te neem totdat Selfbestuur toegestaan is.[4)]

„Het Volk" en C.N.O.

In Desember 1905 het Het Volk in 'n tweedaagse debat oor C.N.O. eenparig ten gunste van die Botha-Beyers-voorstel gestem, naamlik dat met volksopvoeding voortgegaan word volgens die C.N.O.-beginsels. Die kongres het ook glad nie genoeë geneem met die Milner-onderwys nie omdat die

1. Cd. 2479, 59-60: Statutes van die „Het Volk".
2. Ibid, 123.
3. Ibid., 89.
4. Ibid., 61-116.

regte van die volk nie erken is nie.[1]

In Desember 1906 het die Het Volk ŉ totaal ander mening oor C.N.O. daarop nagehou. In die formulering van die party se program van aksie is bepaal dat die onderwys op staatskoste moes geskied en dat Engels verpligtend gemaak moes word. Die beginsels van die C.N.O. is juis toe al prysgegee. Generaal Louis Botha het nog verder die beleid bekragtig deur die onthulling te doen dat beide rasse hierdeur verenig moes word. Die party het van toe af ook staatskole gepropageer met die gevolg dat staatsteun aan C.N.O. ontsê is.[2]

Campbell-Bannerman as Eerste Minister: Smuts na Londen.

Die nuwe Britse regering het in Desember van 1905 die Balfourregering vervang. Die Liberale regering onder Campbell-Bannerman het inderdaad na die jingogees van Chamberlain ŉ weldadige, liberale atmosfeer help versprei. Daar was ŉ apologetiese houding in menige toespraak oor die gewelddade wat die konserwatiewe regering help pleeg het en wat Engeland se goeie naam baie kwaad dwarsdeur die beskaafde wêreld berokken het.[3]

Dit was of die Boere ŉ nuwe, laatgekome bondgenoot gekry het, en dit was strelend dat juis regverdige Engelse leiers vir Milner, wat eenmaal so hooghartig teenoor hulle opgetree het, die rug toegekeer het. ŉ Sluimerende wraakgevoel is so onbewus bevredig. Omdat goedgesindheid aangebied sowel as ontvang moes word, was daar tekens dat die ongenaakbaarheid, wat na die vrede van Vereeniging voortdurend merkbaar was, begin verdwyn. Die Afrikaner se onderdrukte volksenergie het weer begin uiting soek in politieke skeppingswerk.[4]

---

1. (a) Het Christelyke Schoolblad, 1-1-'07;
   (b) De Volkstem, 5-12-'06.
2. De Volksstem, 8-12-'06.
3. Breytenbach: Die Betekenis van die Tweede Vryheidsoorlog, 53-4.
4. Van den Heever: Generaal Hertzog, 214.

Die vorming van Het Volk het Smuts weer die aktiewe politikus soos voor 1896 gemaak. Selfbestuur was sy uiteindelike doel en strewe omdat dit by die monadeleer en sy skeppende ewolusie gepas het. In sy volle krag het hy groter visioene gesien, andersoortiges as wat sy mede-volksleiers in beeld gehad het. Hierdie vreemdsoortige blik was skeppinge van sy filosofie en lewensbeskouing. Vinnig was hy op weg in sy „synoptiese blik" om sy idee van „geheel" te verwesenlik in 'n staat wat hy deur administrasie en wetgewing wil laat harmonieer met die geheelheid van die Britse Ryk.[1] Die geleentheid was daar om sy strewe verwesenlik te sien.

Die nuwe regering was skaars in die kussings of „Het Volk" het Smuts na Engeland afgevaardig om vir Selfbestuur te pleit. Sy toekomsideaal van een groot Suid-Afrika was toe op die spel. Daarvoor gaan hy geen steen onaangeroerd laat in die verwesenliking van sy planne nie. In sy onderhoud met die Eerste Minister het hy die punt aangeroer dat die Afrikaanssprekende bevolking begeer het om met die Engelssprekendes te koöpereer maar alleen in die vorm van Selfbestuur. Daardie gesprek het die toekoms van Suid-Afrika beseël.[2] In die Britse Laerhuis het Winston Churchill verklaar dat die doel met die konstitusie vir Selfregering rasseversoening moet wees. Tegelykertyd moes dit die Britse opperheerskappy beveilig. In hierdie gees het Smuts dit dan ook ontvang.[3]

Bannerman is oorreed en Selfbestuur is aan Transvaal toegestaan om op die wyse die lojaliteite van die Afrikaanssprekendes en van Suid-Afrika te win. In Smuts se hart was daar groot vreugde en 'n gevoel van groot dankbaarheid en erkentlikheid teenoor Bannerman. Die Boere sou Trans-

1. Armstrong: Grey Steele, 157-8.
2. Millin: General Smuts, 213.
3. Lt. Gov. 144,127/195,11; De Volksstem, 21-2-06 en 24-2-06.

vaal weer regeer en Smuts sou weer daardie dinge ervaar wat vir hom die essensie van die lewe was en wat hom so lank ontsê was: politieke geleentheid, ruimte vir ambisie en mag en 'n groot toekoms vir hom binne die Britse Ryk.[1)]

Die knoop is deurgehaak en die geheelheidsidee van Smuts is al gedeeltelik uitgekristalliseer in sy toekomsverwagtinge dat die Boerevolk van Transvaal en die Liberale Regering tot die welsyn van hulle land onder die Britse Ryk sou saamwerk. Die kragtige Boereleier het deur die konstitusionele daad weer na jare van terneergedruktheid begin moed skep. Saam met sy energie het teruggekom sy groot idees, sy drome, die drome en ideale wat hy van Rhodes geleer het: „of all South Africa united into one people - Dutch and English working together".[2)]

Met die visie en toekomsideale het hy na Transvaal teruggekeer.

<u>Selfregering: „Het Volk" aan Bewind.</u>

Terug in Transvaal het Smuts kragtig en oortuigend sy holistiese gedagte aan die volk kom verkondig. 'n Groot en groeiende geheel maar steeds binne die groter geheel van die Britse Ryk wou hy sien. Sy sending na Londen het hom destemeer onder die grootsheid van Groot Brittanje gebring, die grootmoedigheid van die Britse staatsmanne en die liberale en demokratiese volksinstellinge wat hom tydens sy studie van staatsleer aan Cambridge onder Sidgwick die demokrasie laat aanhang het: „The active co-operation of the governed in their government still holds the field as the first axiom of political philosophy".[3)]

Hy en Botha het die Transvaal deurreis om sy geloofsbelydenis in staatkunde en rasseversoening aan die volk te

---

1. Armstong: Grey Steele, 163;
   The Transvaal Leader, 18-12-'06;
   Crafford: Jan Smuts, 76.
2. Armstrong: a.w., 163-164.
3. Smuts: Africa and some World Problems, 153.

verkondig. In ŉ toespraak op Melville, Johannesburg, het hy op 2 Februarie 1907 die volgende op die hart van die gehoor gedruk: „The result had been that after a hundred years they (the two white races) had been fighting each other in South Africa, and instead of amalgamating and becoming one big white race as had been done in other parts of the world". Hy het dit beklemtoon dat as dit bereik kan word, daar vreugde, eensgesindheid en voorspoed in die toekoms te wagte kan wees.[1]

Die propagandakreet wat die twee erkende volksleiers van een platform na die ander aangehef het, was dan die volgende: „The source of all our evils is disunion. Let us work to attain our old object, a united South Africa".[2]

Met hierdie veldtog het Smuts die volk in Transvaal probeer voorberei sodat as die nuwe konstitusie in werking tree, daar eensgesindheid mog wees om die stelling van Smuts aan Bannerman te bewaarheid en dan die geruïneerde land weer tot nuwe hoogtes van voorspoed op te voer. In Mei 1906 het ŉ koninklike kommissie die vraagstuk van Selfbestuur in Transvaal kom ondersoek en Verantwoordelike Bestuur is toegestaan.[3]

ŉ Hewige party-eleksie is van stapel gestuur en op 20 Februarie 1907 het die georganiseerde Het Volk-Party met ŉ volstrekte meerderheid aan die bewind gekom. Louis Botha is as Eerste Minister benoem en Smuts het die portefeuljes van Koloniale Sekretaris en van Minister van Onderwys beheer.[4]

Met die oorname van die departemente van Milner was Smuts verbaas om die organisasie van die jong Britse amptenare en die beginsels waarop die administrasie gebaseer was,

1. The Tvl. Leader, 18-12-'06: Debate in Upper House - London on the Transvaal Constitution - Churchill.
2. The Star, 6-2-'07: Speech by Gen. Smuts in Melville.
3. Millin: General Smuts, 214.
4. (a) Ibid., 217;
   (b) Die Transvaler, 12-9-50.

so gesond te vind. Die twee volksleiers het tot die verplasing van Milner in 1905 hewige aanvalle op die Milneradministrasie gelos en die volk het geweier om enige hulp aan die heropbou van die land te gee. Die Milnerregime moes in totale diskrediet en onguns by die volk gebring word net met die doel om Selfregering in die hand te werk.[1)]

Op sy beurt het Milner met absolute lojaliteit teenoor die owerheid en met onophoudelike selfvertroue tot byna aan die einde van die regeertyd van die Balfour-kabinet voortgewerk. Armstrong het van die Milnertydperk die volgende gesê: "He laid the foundations for thr future. He laid them soundly and securely, bedded them deep down in live rock. His successors, Dutch and English, those who cursed him most, Botha and Smuts especially, built on his foundations".[2)]

Die Milner-bestuur, hoewel ongewens by Smuts, is tog deur hom vir staatkundige en administratiewe doeleindes aangewend. Dit was vir hom 'n spoorslag om die groot vooruitsig van 'n verenigde Suid-Afrika te verwesenlik deur Britse amptenare in sy administrasie te betrek en so samewerking van beide rasse te verkry. In sy staatkunde, plaaslike instellings, opvoedkunde en administrasie moes alle struikelblokke uitgeskakel word wat rassesamesmelting sou teenwerk. Vir Bannerman wat vir die Boere een van die verstandigste staatkundige toegewings gedoen het, wou Smuts nie teleurstel nie, want hy het gespreek van "the Boers' fight for freedom, and of how, they had given their conquerors a clear field. Such people, said Campbell-Bannerman, should be England's partners".[3)] Smuts het in sy memorandum aan die Britse kabinet oor Selfregering geskryf dat dit duidelik begryp moet word dat die Boere en

---

1. Crafford: Jan Smuts, 78.
2. Armstrong: Grey Steele, 159.
3. Millin: General Smuts, 214.

hulle leiers nie begeer om weer die saak van anneksasie van die nuwe Kolonies en die Britse vlag op te rakel nie. Hulle neem volbragte feite aan. Dit was wat Botha en Smuts beslis het met die ondertekening van die Vrede van Vereeniging: „We had made up our minds that it was the end of one life and the beginning of another. And what we signed we stood by".[1)]

Hierdie politieke testament het die bekering van Smuts tot die Britse imperialisme 'n voldonge feit gemaak. Hy het voortaan meer as voorheen die pleitbesorger van rassesamesmelting geword: „The Boers remain the people of his passions and the English people who make him happiest".[2)] Met die opstelling van Het Volk-program is hierdie doeleindes in gedagte gehou. In die werkprogram is die volgende doeleindes in verband met rassesamewerking voorgestaan: „Het Hoofdoel van Het Volk is te streven naar rassenversoening, elke aanleiding tot onderling wantrouwen of verdeeldheid te vermyden, de overheersing van 't ene blanke ras over 't andere tegen te gaan en alle blanke inwoners van de staat te verenigen in een groot Zuid-Afrikaansche natie, gelukkig, welvarend en eensgesind, met gemeenschappelyke trots en Patriotisme op Zuid-Afrika ziende als op haar tehuis en met gezamentlyke krachten werkend voor haar toekomstige grootheid en glorie".[3)]

Het Volk het die volgende beginsels voorgestaan: Artikel 1 van die partyprogram het bepaal dat die oplossing van alle bestaande kwessies wat van rasse-aard is soos byvoorbeeld taal en opvoeding in die gees van regverdigheid, gematigheid en weersydse verdraagsaamheid moes geskied.

1. Millin: General Smuts, 214.
2. Ibid., 221.
3. (a) Cd. 2479, 123, Statutes van Het Volk;
   (b) De Volksstem, 11-5-05 en 1-2-'05.

Artikel 11 het voorgestaan die bevordering van die spoedige totstandkoming van 'n verenigde Suid-Afrika met die inagneming van die belange van die Transvaalse bevolking.[1)]

Konsiliasie was die hooftema van die politieke sprake. Dit moes verkry word, anders is alle samewerking tot mislukking gedoem.

In die gees en beginsels het Smuts in medewerking van Het Volk dan die hoofbeginsels van die konsep-onderwyswet opgestel om dit met die eenparige samewerking van die opposisie deur te loods.

3. <u>Konklusie</u>.

As die filosofiese en staatkundige denke van Smuts onder die vergrootglas geplaas word, ontstaan die probleem watter van die denke die eerste by hom tot ontplooiing gekom het. Het sy filosofie wat na 1910 op skrif gestel is eers vaste vorm verkry of het sy staatkunde eers tot rypheid ontwikkel en het hy toe sy filosofie daarop baseer.

Wat die menings ook hieroor mag wees, staan dit vas dat hy tydens sy studentejare aan Stellenbosch die digkuns lief gehad het en meer as eens die onsterflike reëls uit Shelley se natuurpoësie voorgedra het. Daarby het hy besonder belang gestel in die filosofie en baie tyd aan hierdie boeiende onderwerp bestee. Sy denke het hy in onderwerpe soos „slawerny, vryheid en politiek" gegiet. Die toekoms van Suid-Afrika as 'n groeiende organisme wat noordwaarts uitgebrei het, het hom besonder geïnteresseer.[2)]

Dit skyn of sy filosofiese denke sy staatkunde aangevul het om tot rypheid te kom.

In die praktyk kan wel beweer word dat sy staatkunde

---

1. De Volksstem: 20-5-1905.
2. (a) Crafford: Jan Smuts, 12-3;
   (b) Millin: General Smuts, 16.

sy filosofie voorgegaan het en daarna 'n formulering van sy staatkunde in sy filosofie laat uitkristalliseer het. Maar dit moet in gedagte gehou word dat hy reeds aan Cambridge „A study in the Evolution of personality" geskryf het. Uitgaande van sy staatkundige denke en stellings wat hy in sy toesprake gemaak het (soos: 'n groot geheel van die Britse Ryk, rasse-ineenvloeiing, eenheidsgedagte, eenheidsideaal, die toekoms inkyk, ensomeer) en dit geskyn het of sy staatkundige denke sy filosifie beheers het, kan aan die ander kant ook beweer word dat sy filosofie die univers was waaruit sy staatkundige gebou ontstaan het.

Net soos hy in sy holisme elke organisme vry en onafhanklik gestel het met sy eie arbeidsveld, maar die velde inmekaarvloeiend, net so wou hy Suid-Afrika sien, vry om sy eie heil uit te werk en tog die Suid-Afrikaanse veld saamvloeiend met die van die Britse Ryk. Daarby het Smuts persoonlikheid as die hoogste vorm van holisme gestel en wat hy prakties met sy onderwyswet wou toepas, daaraan te heg.

Daarom kan dit nie as 'n anachronisme beskou word dat sy filosofie sy staatkundige denke beïnvloed het nie, maar dit moet beskou word dat die een die ander gerugsteun het.